

allen wordt beschouwd en beschreven als het meest verwaarloosde, verachterste deel van ons volk. Ds. Lückhoff beschreef u onlangs in de nieuwsbladen als „het stiefkind van den Staat.” Nu een stiefkind is een weeskind. En het weeskind van mijn volk roept tot mij om hulp, en zal ik doof zijn? Ik hoorde in uw beroep de roepstem van het verwaarloosde deel van mijn volk en daarom sta ik vandaag voor u, o God, wees mij genadig! Wat gij van mij kunt verwachten: (a) Gij moet ten eerste van mij verwachten, dat ik u erop zal wijzen, dat het tot oneer van den naam van uw God is, en tot oneer van u als het Afrikaner volk, dat gij op uw hoofddorp Springbok geen kerkgebouw hebt maar daar aanbidden moet in een danszaal. God zal u hierom straffen. En daarom, mannen broeders, ik zal u vragen om te geven groot, ruim en mild, om een kerk te bouwen, die tot eere van Gods Naam zal strekken en u tot 'n sieraad zal zijn; (b) Gij moet ten tweede van mij verwachten dat ik mijn uiterst best zal doen voor het onderwijs en de opvoeding uwer kinderen.”

'n Nuwe en sierlike kerkgebou op Springbok was dan ook die grootste behoefte van die gemeente. En goddank, Dr. Steenkamp het ook sy groot deel in die rigting bereik. Gelukkig was daar al reeds 'n neseier van £2,300 deur Ds. du Toit vir die doel byeengebring. En in 'n ongelooflike korte tyd is die som deur die ywerige en opofferende kollekteer-poginge van die leraar en met die seën van die Heer, gepaar aan die eendrag van die gemeente aangegroei tot ongeveer £18,000 waarmee die nuwe kerk insluitende 'n pragtige orrel kon gebou en betaal word. Nodeloos om te sê in die reusetaak van die insameling van die fondse het Dr. Steenkamp die voortou geneem.

3. Die Nuwe Kerk.— Ons praat van die *nuwe* kerk op Springbok. Eintlik was dit die eerste kerkgebou daar want die gemeente het daar aanbid in 'n ou saaltjie annex stalle wat haar as 'n plaas van aanbidding tot oneer gestrek het waarvoor altyd huur moes betaal word. Ons neem die volgende beskrywing van die inwyding uit die pen van Ds. Lückhoff uit *De Kerkbode* van 6 Oktober 1921 oor:—

„In de namiddag vond de grote gebeurtenis van de kerkinwyding plaats. Eigenaardig en indrukwekkende plechtigheid, voorwaar! De optocht begon van het oude kerkje, waar een schaar van omtrent achttien honderd mensen vergaderd was. De stoet werd geleid door 40 meisjes in wit gekleed en allen te paard. De optocht geschiedde onder vreugdeschal van klokken, vreugde geknal van ge-

weerschoten uit de omliggende kopjes, en vreugdededruis van hevige bomschoten. Aan de oude moeder, de Wed. Roux, werd de eer gegeven om te kerkdeur te ontsluiten. Dr. Steenkamp, de leraar, hield de feestrede en sprak over de woorden: „De heirlegers in den Hemel volgden Hem op witte paarden,” Openb. 19:14; „Die overwint zal alles beërven,” Openb. 21:7.

Bij de avonddienst, geleid door Ds. J. Botha van Wellington, werd 'n 140 tal nieuwe lidmaten voorgesteld. De stemming bij de vroeg bidstond, Zondagmorgen, was zeer treffend. De dienst werd door Eerw. Frylinck geleid. Niemand die tegenwoordig was, zal ook de toespraak van de oude vader, Ds. Hauman (eerste predikant van Namakwaland) bij de Nachtmaaltafel vergeten over de woorden: „De mensch zal bij brood alleen niet leven.” Sommigen konden zich niet bedwingen — het gemoed was te vol. De nabetrachtingsdienst werd door Ds. Potgieter, van Nieuwoudtville, gehouden, toen 'n 40-tal kinderen gedoopt werd. Een schare van kinderen vulde daarna de kerk om Ds. Lückhoff te horen. Ds. Botha preekte in de avond voor een groot gehoor. De gemeente had ook de vreugde om haar vroeger leraar, Ds. du Toit, weer te zien en te horen. De nieuwe kerk is een sierlik gebouw van schoon graniet, met massieve toren — Romaanse bouwstijl. Zij maakt een prachtige vertoning tegen de achtergrond van rotsachtige heuvels. Dr. Steenkamp heeft eer van zijn nieuwe kerk; de gemeente van Namakwaland heeft eer van de wonderlike inspanning van al hare krachten om dit godshuis te bouwen. Het schone kerkgebou staat vandaag als een monument van een grote volksontwaking van een verafgelegen land, dat bezig is zichzelf te vinden. In het portaal van de kerk is er een marmeren plaat in de muur aangebracht, waarop de volgende woorden gebeiteld zijn: — „De God der wonderen alleen de eer! Gemeente gesticht 1850. Kerk voltooid 1921. Heeft gekost, met orgel, £17,000, waarvan £16,000 verzameld werd gedurende 1919 — 1920. In 1919 was een der vreeselikste droogten, die Zuid-Afrika ooit geteisterd hebben. Het geld ingezameld is een wonder van het angstvol gebed. [De namen van leraar en kerkraadsleden]. Nageslachten, ziet wat eendracht onder Gods zegen doen kan!” Bij de inwijdingsdienst ontving Dr. Steenkamp van zijn vorige gemeente, Nieuwoudtville, als dankoffer voor zijne suksesvolle pogingen om die gemeente enige jaren geleden van zijne drukkende schuld te reden, de som van £373 ter afbetaling van de preekstoel in de nieuwe kerk. Van de familie Nieuwoudt werd een kostbaar Nachtmaal-

servies ten geschenke ontvangen, en van enige leden der gemeente een Bijbel en een Gezangboek in prachtbond, en drie fraaie stoelen ten gebruik op de preekstoel. In de loop van zijn feestrede toonde Dr. Steenkamp aan, dat paarden een zinnebeeld zijn van kracht en snelheid, van onschuld en zegepraal. Deze eigenschappen werden op de kinderen Gods toegepast. Onder het hoofd zegepraal schilderde de redenaar de legermachten van de Koning der koningen af, die Hem volgen door de hemelse velden, en die bestaan uit martelaren en trouwe dienaren en weldoebers van hunne medemensen, bijnaam van de armen, de kranken en de gezonkenen. Hij eindigde met te wijzen op de voorwaarde, die er gesteld was ten einde te kunnen rijden in triomf of witte paarden, namelik zij moeten de boze lusten en begeerlijkheden en het ongeloof in zich overwonnen hebben. Na de feestrede werd er als een dankoffergift aan de zuster-gemeente, Oost-Londen, die ook met de hulp van andere gemeenten bezig is een kerk te bouwen, een kollekte opgenomen ten bedrage van £73. Er kan hier nog bijgevoegd worden, dat die gemeente ook een nieuwe pastorie tegen kosten van £3,300 voltooid en afbetaald heeft! Waarlijk, hier is 'n wonder in aller ogen geschied!"

4. Verder Loopbaan. — Na voltooiling van die kerkgebou het Dr. Steenkamp gevoel dat sy groot taak in Namakwaland volbrag was en het hy uitvoer gegee aan 'n lang gekoesterde begeerte om in die medisyne te gaan studeer. Met die doel het hy en sy familié in 1923 Namakwaland verlaat en na die Verenigde State gegaan en is hy en sy seun Willem, albei in dieselfde Universiteit, naamlik die van Louisville ingeskryf as mediese studente en in die Universiteit het albei die M.D. graad behaal in 1927. Daarna is albei weer, na verder post-gegraderde studie in die medisyne te Londen, Weenen en Budapest, op een en dieselfde dag en datum in 1928 uit die Universiteit van Leiden, na afgelegde Staatsekksamen, gepromoveer tot gekwalifiseerde dokters van Holland. Dieselfde jaar het die familié na hul vaderland teruggekeer en is deur beide dokters 'n praktyk geopen in die Kaapstad. Dr. Steenkamp, Sr., het een en andermaal sy ou gemeentes besoek. Verlede jaar het Nieuwoudtville sy oud-leraar teruggebegeerd hy het vir die beroep bedank en dieselfde jaar is hy met 'n groot meerderheid van stemme gekies as Volksraadslid vir Namakwaland. Sy eerste rede in die Parlement was 'n welspreekende pleidooi vir sy mense in die Noordwese. Op die oomblik bedien hy (tydelik op dringende versoek) die vakante gemeente Parow waar daar ook 'n dringende behoefté bestaan aan 'n doeltreffende kerk-

gebou, waarvoor d'e Dr. ook al heelwat fondse ingesamel het, en met die bou waarvan daar ook al 'n aanvang gemaak is.

5. Boodskap van Dr. Steenkamp. — „Die geagte skrywer van hierdie fees-boek het my gevra om in 'n paar woorde 'n groet te stuur aan die gemeente Namakwaland met haar 80-jarige feesviering. Dit sal onmoontlik wees om my vol hart net in 'n paar woorde uit te praat, dus maar kortlikks die volgende: — My hart gaan vandag saam met u terug na die onvergeetlike jare wat ek onder u deurbring het. Ek noem dit die heldetydperk van die gemeente Namakwaland, want in daardie tyd het die Namakwaler gewys wat in hom steek en wat hy kan doen. Ek dink veral aan die jare 1919 tot 1921. Hoe goed herinner ek my nog die dag in 1919 toe ek op Springbok my intreepreek gelewer het in die ou saaltjie met sy twee stalle daaraan vasgebou en die oorblyfsels van 'n dans-party, wat 'n dag of wat tevore daarin gehou was. En die gemeente het soos 'n reus opgestaan en hom los geskud van hierdie vernedérende en armoedige bande en in minder as twee jaar tyd 'n kerk en pastorie gebou wat tot die fraaiste in ons land behoort. Dog om te bou is niks, maar om te betaal. En deur 'n samewerking en offervaardigheid soos ek byna nog nooit in my lewe gesien het nie was in twee jaar tyd daardie byna twee-en-twintig duisend pond afbetaal. Onvergeetlik sal my altoos bly hoe Sir Frederick de Waal ons gehelp het deur van ons verskeie geboue te koop waardeur ons boufonds met 'n paar duisend gestyf is, hoe ander gemeentes in ons land ons gehelp het met hydrae wat tot twee duisend pond gestyg het, hoe die gemeente Wellington in twee uur tyds van Mevrouw Steenkamp en my vir oor die £800 velwerk gekoop het teen ongehoorde pryse om Namakwaland te help, hoe Caledon in 'n uur tyd van my vir oor die £1,200 velkomberse en rieme gekoop het om 'n orrel te kan koop, hoe van ons mees vermoë tot ons armste gemeentelede, waar hulle nie vee of geld kon gee nie, met hulle hande velwerk gemaak het vir die boufonds, hoe blymoedig Ouma Roux haar mooi bydrae gegee het maar ook die brandarme Mevrou Goosen van Soebatsfontein met haar velwerk met die verkoping op Wellington £32 kon bydra, hoe dat die ou baster, Josop Cloete, sy honderd skape en twee osse gegee het en toe die kerk klaar was sy grootste nuuskierigheid nie om die kerk soseer te sien nie, maar soos hy dit noem, die *Lou*, wat voor die preekstoel lê. Onvergeetlik bly my ook die

geskenk van die preekstoel en marmer leeу wat saam byna £400 gekos het en gegee was deur my altoos onvergeetlike gemeente Nieuwoudtville. Hoe dink ek vandag terug aan die ou kerkmanne van vroëer! Watter vreugde sou hulle gesmaak het as hulle vandag, na 80 jaar, hulle oë kon oopmaak en sien wat Namakwaland vandag op kerkelik gebied is en dit vergelyk met toe. Ek dink met eerbied terug aan die ou staatmakers onder die ou Van Niekerks, Rossouws, Beukesse, Van Wyks, Agenbags, Rouxs, Dixons, Goosens, Mosterts, Genissc, Cornelissens, Esterhuizens, Nelsons, Engelbrechts. Ek sluit. Neem, soos President Kruger gesê het, uit die verlede van die geskiedenis van u gemeente wat goed is en pas dit toe vir die toekoms, en wat sleg was laat dit na. Mag ek hoop dat wat ek altoos my uiterste probeer het om u in te prent, by u sal bly, naamlik: Wees opreg en manlik soos dit 'n Afrikaner en 'n Namakwaland pas, wees gelyk want daardeur kon u in die verlede reuse-werk doen, en laat liefde tot God en liefde tot wat edel en tot elkaар, en haat tot wat gemeen en kleinsielig is, die kenmerke wees van u as gemeente en as Namakwlanders.

Altoos u getroue vriend en mede-seun van die Noordweste,

W. P. Steenkamp.

X.—DS. A. G. DRIESSEN, 1924—1927.

Die vakature ontstaan deur die vertrek van Dr. Steenkamp is aangevul deur die aanname van 'n beroep uitgebring op Ds. Adriaan Gysbert Driesssen. Hy is 9 Oktober 1876 in die Kaapstad gebore, het sy teologiese opleiding op Stellenbosch ontvang, is in 1903 gelegitimeer en het in 1903 in die diens getree as hulpprediker van die gemeente Willowmore. Sy volgende eie gemeentes was: Ventersdorp, Barberton, Machado-dorp, Standerton, Charl Cilliers en Roos Senekal.

Sy bevestiging op Springbokfontein het plaasgevind in Oktober 1924. Daaromtrent ontbreek die gewone berigte in die offisiële orgaan, sodat ons tot ons leedwese geen besonderhede hier kan weergee nie. Hy het drie jaar in die gemeente gearbei en was vele tot seën deur getroue herderlike werk, voorbeeldige wandel en opofferende arbeid. Gedurende sy dienstyd is die kerk op Kamieskroon ingewy. Origens het daar nie uitstaande gebeurtenisse plaasgevind nie. 'n Mens kry enigsins

n indruk van die omvangrikheid van die werk in die gemeente as jy b.v. verneem dat Ds. Driessen die Nagmaal, behalwe op Springbok, op die volgende plekke moes bedien: Kamieskroon, Grootmis, Soebatsfontein, Farquharson en Kammiesbees. In die tweede jaar van sy verblyf kon hy getuig van toenemende belangstelling in die geestelike welvaart van die gemeente. Met Eerw. J. P. Koekemoer as hulpprediker, is daar in 1926 'n aanvang gemaak met die bearbeiding van 'n aantal Basters langs die oewers en mond van die Grootrivier en die weskus tot aan Port Nolloth en Grootmis. Swaar droogtes het die distrik in die jare geteister en die uithouvermoë van die mense het die leraar, wat 'n stedeling van geboorte is, diep getref. Iets anders wat ook 'n diepe indruk op hom gemaak het is dat daar orals godsdienst dog slegs hier en daar godsruig was. In 1927 het hy 'n beroep aangeneem na Reddersburg, vanwaar hy die volgende boodskap aan sy ou gemeente stuur:—

Aan die Gemeente Namakwaland by Geleentheid van sy Tagtigjarige Bestaan.

Met die oorbring van my gelukwense kan ek nie nalaat om te sê, dat as daar ooit 'n gemeente in ons land is wat die gedurige vuurproef van ontbering en teleurstelling deurgemaak het, dan is dit Namakwaland. In die jaar waarin daar reent val, word daar as met 'n towerslag 'n paradys geskep, die vlaktes en berge is vol van die pragtigste skakering van blomme. Die blydskap van die Natuur word dan ook weerspieël in die gelaat van die Namakwaland. By u is daar 'n volhardingsvermoë ongeëwenaard, die skool waarin die Skepper u laat groot word is 'n harde skool, maar Hy het u weerstandsvermoë tot 'n toppunt laat ontwikkel. Waar 'n gemeente sulke boumateriaal het, is daar, nieteenstaande al die teleurstellings en ontberings, tog die grootste verwagting vir die toekoms. U natuur lewer plante, wat deskundiges met verlange vergader, en wat nêrens anders in die wye wêreld te vind is nie. Die Skepper het hulle so wonderlik geformeer dat hulle in staat is om vir 'n aantal jare die teisterende droogte te weerstaan. Geleerde vertel ons dat mense hulle karaktertrekke van uit hulle omgewing ontvang. Dus is dit my hartlike wens, by die viering van u 80-jarige bestaan, dat dit aan u besonderlik bevestig mag word die belofte van die Heiland: „Wie volhard tot die einde toe sal salig word.” Die oorwinning van u moeilikhede deur u weerstand in die verlede, is sekerlik ook die waarborg vir u toekoms. Daar is veel om egter voor dankbaar te wees, want die Kerk en publiek het altyd

vir u op tasbare wyse hulle innige simpatie getoon, waarvan die skole en koshuise duidelike bewyse lewer. Laat u berge van graniet, u byna onmeetlike vlaktes, u towerprag van blomme in tyd van reën, u tot sinnebeelde strek van die Almag en Liefde van u Skepper en Vader.

In Hom u dienaar,

A. G. Driessen.

XI.—DS. W. L. STEENKAMP, 30 SEPTEMBER 1928—

1. Opleiding en Eerste Gemeentes. — Ds. Willem Lucas Steenkamp is 11 Julie 1889 gebore te Karos, in die distrik van Kenhardt, waar daar tans 'n groot nedersetting is. Sy eerste skoolonderwys het hy ontvang op Upington, onder leiding van Mn. G. M. J. Slabber wat daar destyds die hoofonderwyser was en tans inspekteur van skole in Namakwaland en in die betrekking 'n baie hartlike medewerker van sy oud-leerling is. Nadat hy in 1915 die Intermediëre en Admissie eksamens op Stellenbosch afgelê het, het hy sy theologiese opleiding aan ons Kweekskool aldaar ontvang en is hy na volbrakte studie tot die evangeliebediening toegelaat in 1919. Sy eerste gemeente was een van die uitgebreidstes in die Transvaal — Waterberg, waar hy georden en bevestig is en gearbei het tot hy 'n beroep aangeneem het na die gemeente Brandvlei, wat hy bedien het tot oor die helfte van 1928.

2. Bevestiging. — Sy bevestiging op Springbok het onder tekens van groot belangstelling plaasgevind soos blyk uit die volgende verslag in *De Kerkbode* :—

Springbok. — Groot was die vreugde by ons op 29 en 30 September 1928, die Saterdagmôre, toe die stoet van 64 motorkarre ongeveer ses myl buitekant die dorp by Koperberg twee lang rye weerskante van die pad gevorm het. Vreugde en blydskap het van die aangesigte van die skare gestraal, toe ons nuwe leraar met sy gade (Ds. en Mevr. Steenkamp), in die middel van die stoet stilhou. Die aanhoudende getoet van die motors, die vriendelike gesigte was tekens van 'n blyde ontvangs en 'n hartlike welkom. Na die sing van „Prijs den Heer“ en 'n kort gebed deur Ds. Eksteen, van Pofadder, het die skaar van motors die een na die ander gevolg tot by die jongenskoshuis, waar 'n ontvangs vir die dominee en sy eggenote gegee was. Namens die gemeente en die A.C.V.V. is adresse aangebied en toesprake gehou deur die plaaslike magistraat, die burge-

meester, Mnre. Pieter Malan, Bernstine en Good. Hierop het Ds. Steenkamp seer gepas geantwoord. Die namiddag het die bevestiging plaasgevind, by welke geleentheid 'n groot aantal telegramme voorgelees is. Die groot, pragtig, kerkegebou het aan ruimte ontbreek. Die gemeente het ook die voorreg gehad om Dr. en Mevr. Steenkamp in hul middste ontvang. Dr. Steenkamp het die namiddag en aand die dienste geleei, en dit was 'n genot om na sy kragtige en boeiende prediking te luister. Aandoenlik was dit ook die aand, toe sy seun, Dr. Steenkamp, Jnr., voor die kansel verskyn om belydenis af te lê.—D. J. B.

3. Arbeid.—Ds. Steenkamp het sy diens in die gemeente aanvaar met 'n intreerede oor Gen. 37:16: „Ik zoek mijne broederen.” Dit is die regte gesindheid van 'n evangeliedienaar in enige gemeente dog vcral in Namakwaland, waar die „broederen” so ver op afgeleë please woon en ronddwaal dat hulle waarskynlik gesoek moet word. Dog getrou aan hierdie woord doen die ywerige leraar dit ook. En die Opperherder seën sy pogings Toe hy in die gemeente gekom het was sy in 'n diep skuld gedompel, dog deur hartlike samewerking is die buitengewone groot som van £6,500 in sewe maande se tyd byeengebring. Dit getuig van belangstelling in die kerklike werksaamhede. En om 'n indruk te gee van die uitgestrektheid van die gemeente dien vermelding dat daar ag buite nagmaalplekke is, sodat soms nege nagmaaldienste agtereenvolgens moet gehou word. Die Staats-delwerye te Port Nolloth en elders val ook tans onder sy bearbeiding. In die kort tyd van sy arbeid in die gemeente is daar baie gebeur waardeur hy grootliks bemoedig is dog daar is ook baie wat hom bekommernis baar en na 'n geestelike herlewning doen verlang soos blyk uit die volgende staat van godsdiens in die gemeente wat hy op ons versoek vir die Gedenkboek geskryf het:—

4. Teenwoordige Staat van Godsdiens.—Dit is met baie dankbaarheid tot God wat die gemeente tagtig jare lank gedra het dat ons hier een en ander wens mee te deel van die teenwoordige staat van die godsdiens. Deur die geweldige diamantkoors in die vorige twee jare was die gemeente geheel uit verband geruk. Die invloede van buite was oorweldigend, en die strome weg van kerk en godsdiens was baie sterk; dog onder die bewarende hand van die Allerhoogste het die gemeente nog kerkvas gebly, en heers daar tans weer 'n rustige toestand en is die ou natuurlike godsdiens nog een van die kenmerke van die gemeente.

Die gemeente kom graag *kerktoe* en veral by nagmale en buitekerke heers daar 'n pragtige gees en is die opkomste ge-

woonlik verrassend groot. Die hart van die gemeente het oopgegaan vir die *Sendingstaak* en dit is verblydend om te sien met hoeveel hartelikheid die gemeente die sendingwerk in sy eie omgewing nou wyl aanpak.

*Huisgodsdien*s word in die huise gehou veral in die aand, dog oor die oggendgodsdien moet ons kla. Die bedrywigheid van die lewe sowel as die gedurige stryd om te bestaan verlei menigeen om in die oggend die wêreld in te gaan voordat die famielie die aangesig van God eers gesoek het.

Openbare Sondes kom by rukke geweldig voor. 'n Hele aantal van die allerbedroewenste gevalle van onsedelikheid en egskeidings het voorgekom; en dikwels moet getreur word oor die wandel van kristene en die gebrek aan liefde en blanke opregtheid en toegegydheid aan die Heer.

Bidure laat veel te wens oor, dog die verskillende vereniginge b.v. Kristen-Studente-Vereniging, Kinderkrans, V. S. Bond, A.C.V.V. en ander is in 'n bloeiende staat.

Op die gebied van die *geestelike lewe* in die algemeen is daar pragtige tekens van 'n innerlike verlange na 'n dieper geestelike lewe. Dit is duidelik dat die Gees van God aan die werk is, en die innige hoop word gekoester dat op die tagtigjarige feestelikheid die langverkagte herlewning mag deurbreek.

Die *sameswerking* in die gemeente is baie hartlik en ons vertrou dat die meer dan 1,500 lidmate hulle gebede op die feestelikheid sal laat inmekaar smelt en as 'n waterstroom die Troon van God sal omloop.

Die gemeente is groot en die werksaamhede menigvuldig. By die twintig maal in die jaar moet nagmaal bedien word. By die 150 kinders is in een jaar gedoop; en by die twaalf duisend myl moet oor die moeilikste berge en deur die hoë sandduine per motor gemaak word om sowat ses honderd huisgesinne te besoek. Dog dis hartverblydend om te sien hoe die besoeke waardeer word, en hoe gretig geluister word na die loue evangelieboodskappe.

Moge die Allesvermogende God aan hierdie groot en uitgestrekte gemeente op hierdie groot fees groot dinge skenk, en die gemeente doen groot word in liefde en genade in Kristus Jesus.

5. Mev. Steenkamp. — Almal weet watter groot faktor die leraarsvrou in 'n gemeente is en watter intieme plek sy inneem en watter vername rol sy speel. In hierdie opsig het

Ds. Steenkamp 'n waardige wederhelf gekry in Mej. Hester Maree, wat haar volle sendingkursus aan die Friedenheimse inrigting op Wellington deurloop en daardeur kennis opgedoen wat haar uiters nuttig maak in gemeentewerk as voorgangerster van susterssamekomste, presidente van vroueverenigings en toonaangeefster in liefdadigheidsondernemings.

XII. — TWEE BEKENDES IN DIE GEMEENTE.

Uit die Kerklike Registers blyk dat gedurende die negentig jare daar gedoop is 6,870; aangeneem 3,009 en getroud 1,312 pare.

1. Ouma Roux. — Mev. Susanna Roux (gebore Kennedy) is die oudste lid van die gemeente Namakwaland wat nog in lewe is. Sy is gebore op 9 Augustus 1837, aangeneem in 1854 op die plaas Koringhuis, Namakwaland, deur Ds. de Villiers van Clanwilliam en getroud op die 15de Augustus 1859 op die plaas Mesklip, deur Ds. Charles Murray, met Albertus Johannes M. Roux (oorlede 4 November 1905). Ouma Roux vertel my hoe dat sy in die Boesmanland rond getrek het met hulle vee, eers van Dabeep af tot op Pofadder, en later weer van Taaibosmond tot aan die Grootrivier. Dit was in die jare toe haar oorlede man op die transportpad was met tien osse-waens om koper te ry van Springbok af na Hondeklipbaai. Dit was nog voor die treinspoor gelê was van O'okiep na Robbaai (Port Nolloth) en later, sê Ouma, het haar oorlede man weer transport gery vir die Goewernement van O'okiep na Kenhardt; al die tyd moes sy vir hulle vee sorg. Sy weet nie waarom sy so vol sinkens is nie, want sinkens is tog 'n ou mens se siekte, en sy sy voel nog nie so oud nie. Sy is nou 93 jaar oud. — (D. J. McLachlan).

2. Mn. Pieter de V. Malan. — Pieter de Villiers Malan is gebore te Tulbagh 20 September 1850. Hy het sy opleiding gehad by seker onderwyser Meewes (of Meeuwsen) van wie hy sowel as van die toenmalige predikant van Kruisvallei, Ds. Moorrees, veel Bybelkennis opgedoen het. Hy het met die herlewning te Tulbagh 1884 kragtig tot bekering gekom. Hy was 'n hartstogtelike roker van tabak wat hy self uit sy eie tuin gemaak het, en toe hy later nie meer van sy eie tabak kon gebruik nie en alle ander soort tabak vir hom smakeloos was, het hy alle tabakgebruik laat vaar tot vandag toe. In 1893 is hy as onderwyser na Namakwaland gekom dog spoedig het hy bewyse gelewer van 'n baie toegewyde sielearbeider. Hy is dan

ook na hy 'n tydlank onderwys gegee het aangestel as evangelis om uitsluitlik geestelike werk te verrig. Baie bidstone wat vandag nog staan is deur hom opgerig en sy spore wat hy op geestelike gebied in baie huisgesinne gemaak het is onuitwisbaar. Hy is getroud met 'n suster van Ds. van Niekerk, Brandvlei, 'n dogter van Namakwaland, wat hom trou tersy staan. Hoewel al oor die tagtig jare is hy nog steeds baie bedrywig en lê nog verre afstande met kar en perde af om buitedienste te hou en is die regterhand van die predikant.

XIII.—TWEE SEUNS VAN DIE GEMEENTE.

1. Wyle Jacobus Kotze van Wyk, B.A. het sy eerste skoolonderwys onder leiding van die flinke, bekwame en godvresende onderwyser, Mn. H. van der Spuy, in die skool op Grootvlei ontvang. Hy was van die aanvang af 'n skrander leerling met egte godsdienssin en die vrese van die Heer in sy jeugdige hart. Die matriek-eksamen het hy uit die Hoërskool op Robertson afgelê in 1911, waarna hy 'n jaar lank in Namakwaland skoolgehou het. Met 'n sterk begeerte om predikant te word het hy vervolgens na Stellenbosch gegaan waar hy uit die Victoria Kollege in 1916 sy B.A.-graad in Letterkunde met lof behaal het. In die studentekringe was Kosie die liefing van almal, vanweë sy reine oopregtheid, sy hartlikheid en opgeruimdeheid. In die begin van 1917 is hy as teologiese student aan die Seminarie toegelaat en pas was sy eerste studiejaar agter die rug toe hy deur die dood weggenoem is — 'n prooi aan die koors. Hierdie droewige gebeurtenis het plaasgevind op De Aar waarheen hy gegaan het om vir 'n kwartaal gedurende sy lang vakansie skool te hou, met die doel om iets te verdien om 'n jonger broer te help wat verder wou gaan leer. Die daad van opoffering het hom die lewe gekos. Slegs een-en-twintig jaar oud is hy in die bloei van sy lewe, met so baie gawes en talente, met erns en godsvrug heengegaan. Gods weg is onverklaarbaar dog volmaak, en Sy goedertierenheid is beter as die lewe. Hy is die Heer, Hy doen wat goed is in Sy oë en al wat Hy doen is welgedaan. As hy gespaar gebly was, dan was hy die eerste seun van Nafnakwaland wat predikant geword het.

2. Ds. J. C. van Niekerk van Brandvlei is nou die eerste en tot dusver die enigste seun wat in die evangeliebediening is. Hy het onder baie moeilike omstandighede sy geleerdheid ontvang. In sy kinderjare was daar nog baie min voorregte vir skoolgaande kinders en kon hy eers op sesienjarige leef-

tyd 'n goewernementsskool begin bywoon. Op Mesklip het hy sy eerste opleiding gchad, waar hy onder die stille invloed en toegegewyde van Br. P. de V. Malan tot die lig van die evangelie gekom het. Nadat hy sy matriek in die Paarl afgelê het is hy na die Kweekskool. Hy was altyd deur 'n voorbeeldige jong man en 'n hardwerkende student. Sy eerste gemeente was die van Barberton, Transvaal, waar hy met baie groot ywer en toegewydheid gewerk en steeds die troue ondersteuning van sy gade geniet het. Sy is 'n dogter van Ds. de Klerk, Mosselbaai. Van Barberton is hy my opvolger te Brandvlei geword. Dit is dus te verstaan dat ons twece broers oor en weer vir mekaar baie voel. Namakwaland kan geer wees om tenminste een seun in die heilige evangeliebediening te hê, en dis verblydend om te sien dat meer as een jongman nou ook vorlang om daar-die rigting in te gaan. Met veel toegewydheid en tak werk Ds. van Niekerk op Brandvlei en onder die seënende hand van God gaan die gemeente vooruit. (Ingestuur deur Ds. W. L. Steenkamp).

XIV.—STAAT VAN ONDERWYS IN NAMAKWALAND.

(Deur Ds. W. L. Steenkamp.)

In 1905 was daar 'n klein skooltjie op Springbok (toe nog Springbokfontein) met 9 leerlinge, en tans, 25 jaar later, bestaan daar 'n Hoër Skool met 360 kinders onder die bekwame prinsipaal, P. van Heerde, M.A., en 'n staf van 11 wat soek om die skool tot die hoogste bloei in die Noordwese te maak.

Baie interessant is dit om die rapporte en boeke van die afgelope tydperk na te gaan. Eenkeer het die inspekteur die toenmalige bestuur oor die kole moes haal met hierdie woorde: „It is unsatisfactory that the Principal's pigs and cattle should be kept on the boardinghouse ground.”

Vandag is daar 17 primêre skole in die distrik en meer as 1,000 kinders ontvang onderwys, en met trots kan die name van die 40-tal onderwyzers genoem word wat in die verskillende skole en ook in die koshuise hulle beste kragte gee.

Die name van enkeles word slegs hier genoem: C. Badenhorst, een van die baanbrekers; J. J. P. Smith, G. J. Genis en P. H. de Villiers. Die laaste drie het van die grootste skole en arbei al jarelang met baie sukses. Dis die buiteskole wat die Hoërskool voed.

Op die dorp is twee groot koshuise met 140 kinders elk, onder die baie bekwame bestuur van Mnre. D. J. McLachlan en eggenote, en A. J. Botha en eggenote. Wat hierdie twee koshuise sowel as die 5 koshuise in die distrik beteken het ten goede is onberekenbaar. Dis opvoedingsinrigtings, dog dit maak dit ook moontlik vir elke kind om die skool te bereik, en daar is baie min kinders in hierdie groot distrik wat nie in die skool is nie. Meer dan 600 kinders maak vandag gebruik van die koshuise. Nie minder geseënde invloed gaan egter uit van die kleinere skooltjies waar onderwysers soms in afgeleë dele en met baie opoffering moet werk. Dis hulle wat die onderste struktuur van die opvoeding lê en die hoëre skole bou die toering.

Dis opmerklik hoeveel seuns en dogters al vandag van die hoëre betrekings in die land beklee. Een is predikant, een 'n geneesheer, andere is onderwysers, en ander is knap in die staatsdiens, en oral word tot baie lof van hulle voorbeeldige lewe en bekwaamheid melding gemaak.

'n Groot deel van hierdie vooruitgang is te dank aan Ds. A. D. Lückhoff, en die vroeër leraars sowel as ywerige en toegewyde onderwysers en inspekteurs. Insonderheid moet melding gemaak word van die teenwoordige inspekteur, Mnr. G. Slabbert. Sy entoesiasme, deursettingsvermoë en liefde vir die Namakwalandse kind is onoortreflik. Hy het hier monumente opgerig wat altyd sal staan. Hy is besig sy lewe te gee vir die kinders van hierdie land.

Met dankbaarheid moet ook melding gemaak word van die vooruitgang op Sondagskoolgebied, en van die ywerige onderwysers wat met toegewydheid soek geestelike kennis mee te deel en sodoende die kind geestelik op te voed.

Die grote Vriend van kinders, Jesus Christus, sy al die dank by hierdie feestelikheid vir Sy wonderlike bewaring sowel oor skole as koshuise. Die Heer is goed.

XV. — ENIGE BUITE-ONDERWYSERS IN NAMAKWALAND.

Mnr. Gerhardus du Toit is ongeveer 1905, na opleiding aan die Drosdy-Skool op Worcester, aangestel as onderwyser van 'n skool op Vaalheuvel, waar hy 'n paar jaar lank in 'n tent aan 'n 30 tot 40 leerlinge onderwys gegee het. Hy was 'n man van beslis kristelike karakter, wat met seën gearbei het en in 1909 opgevolg is deur

Mnr. Japie Maree, wat twee jaar op Vaalheuvel gewerk het en eweas sy voorganger 'n toegewyde kristen was. Behalwe skoolhou het hy ook geestelike werk onder blankes en gekleurdes gedoen. Onder blyke van groot droefheid oor sy vertrek het hy Vaalheuvel in 1910 verlaat om verder te gaan studeer.

Mnr. C. P. S. Badenhorst was en is nog die volgende onderwyser op Vaalheuvel. Hy was een van die krygsgevangenes in die Anglo-Boereoorlog (1899 — 1902). Na opleiding aan die Drosdy-Inrigting op Worcester het hy van 1906 ruim $2\frac{1}{2}$ jaar lank in Namakwaland skool gehou in 'n tent. Sedert 1911 staan hy as hoofonderwyser op Vaalheuvel, sodat hy sy hele lewe sover gewy het aan die onderwys in Namakwaland, hoewel sy dienstryd tweemaal onderbreek geword is toe hy in 1909 en later in 1914 vir verdere studie in Kaapstad was. In die hoofstad het hy deelgeneem in geestelike werk en dit doen hy ook op Vaalheuvel. Die laaste vier jaar dien hy die gemeente ook as ouderling.

Mnr. J. J. P. Smith arbei as godsdiens-onderwyser op Soebatsfontein sedert die begin van 1912, toe dit 'n eenman-skool met slegs 19 leerlinge was. Nou is die werk so uitgebrei en die getalle so aangegroei dat daar drie onderwysers is. Van die leerlinge het vyf seuns onderwysers geword, waarvan een, C. J. J. Brand twee jaar lank in die sendingveld, op Morgenster in Mashonaland, gewerk het en tans vir verder studie hom aan die Universiteit van Stellenbosch bevind. Vir meer as twaalf jaar was Mnr. Smith ook die huisvader in die plaaslike kosinrigting en 1926 — 1929 het hy die gemeente as diaken gedien. Hy skryf: „Ek kan van veel scén in my werk getuig. Die mense is geheg aan die Kerk en het respek vir die Woord van God en vir die wat dit verkondig. Lewenswyse seer eenvoudig deur armoede, dog gasvry en behulpsaam. Baie geheg aan familię en afdeling asmede aan ou gewoontes wat egter in die wegstaan van verdere studie en sneller ontwikkeling.

Mnr. Pieter Hendrik de Villiers, gebore op Van Rhynsdorp, was 'n posryer tussen die dorp en Nieuwoudtville en het toe reeds sy uithouvermoë en manmoedigheid geopenbaar toe hy, 'n pure jongeling, die gevreeslike sesmyl lange Bokveldsberg oor moes gaan in pik-donker winternagte terwyl dit reent en die berg glibberig en aan die een kant afgrond was. Daarna op Robertson opgelei as onderwyser. Eerste en enige standplaas Grootmis in die hart van die sandwoestyn wat hom uitstrek van Hondeklipbaai na Port Nolloth. Hier het hy begin met 'n klein skooltjie en vandag tel dit oor die honderd kinders met 'n kerklosieshuis, waarvan hy huisvader is. Hy is takvol en hardwer-

kend, het groot invloed in sy omgewing en is in alles wat hy doen 'n vuurslag.

Mnr. G. J. Genis is 'n seun van Namakwaland, synde gebore op Bowesdorp, 26 Februarie 1889. Sy eerste skoolondervyws het hy op Garies ontvang en in 1910 het hy die Matriek-eksamen aan die Hoërskool op Villiersdorp afgelê. Daarna het hy 'n paar jaar skool gehou op Spectakel, waar hy privaat studeer het vir die eerste Onderwysers-eksamen, waarin hy ook suksesvol was. Dog deur omstandighede het hy hom genoodsaak gevoel in 1914 die skoolwerk op Spectakel te staak en in 'n prokureurskantoor te gaan werk. Net toe hy met sy nuwewerk wou begin, bied die Skoolraad hom 'n skool aan op Harras, waar hy — intussen getroud — in die begin in 'n eensame sinkgeboutjie skoolgehou en gewoon het. Hier het hy onder ontmoedigende omstandighede enige tyd gearbei en toe teruggekeer na Spectakel, veral met die oog op verder privaat studie deur die pos, waarvan daar 'n weeklikse geleentheid was. Langs hierdie weg het hy die O2-eksamen afgelê. Later was hy prinssipaal op Bowesdorp, waar die skoolbesoek gestyg het van 12 tot 50. Sedert 1923 is hy as hoofonderwyser werksaam op Kamieskroon. Omtrent sy werk alhier skryf hy dit:—

„In 1923 het ons Bowesdorp verlaat en Kamieskroon aangelê. In die tyd het ek begin privaat studeer vir B.A. Die eerste en tweede jaar het mooi van stapel geloop, maar by die derde jaar kon ek nie haal nie, weens siekte en teenspoed. Middellerwyd is die skoolbesoek aangegroei tot 125 (meeste in die kerklike kosinrigting) met 'n onderwyspersonel van 4 waarvan 2 Namakwalanders. As onderwyser trag ek ook my omgewing te dien as ouderling van die gemeente. Die kindertjies is welvarend en gelukkig, hulle word liggaaamlik, verstandelik en geestelik versorg en bearbei. Na St. V stuur ons die verdienstelikes na die Hoërskool op Springbok, en party van ons leerlinge word reeds in die groter opvoedingsentra van die Westelike Provinsie vir een of ander vak voorberci. *Soli Deo Gloria.*”

XVI.—DIE ALLUWIALE-STAATSDELWERY, ALEXANDERBAAI.

(Deur Eerw. N. P. J. Steyn).

Die Staatsdelwery val in die grondgebied van Namakwaland se gemeente. Die delwery is enig in sy soort. Dis 'n goewernements onderneming soos ons alger weet, en gevolelik word dit ook op sekere vaste lyne behartig.

Ook op kerklik gebied is hy enig in sy soort. Dis 'n buiten-gewone werkkring met 'n sonderlinge posisie; dis 'n mans'-gemeente. Geen vrouens of kinders is op die delwery toegelaat nie. Dis 'n wisselende gemeente, die een kom en die ander gaan. In die laaste tyd, egter, word dit meer konstant. Die manne wat hier werk hou liewer vas as om 'n vaste verdienste op te gee en hul ook in die stroom van werkloosheid te gaan begeef. Oor die algemeen verdien hul hier goed, word goed behandel, kry goeie kos en woning en word op elke gebied so ver moontlik gehelp. Daar is selfs kans deur die aandklasse om hul verstandelik ook te verbeter. Ook op geestelike gebied het die Regering vir hulle voorsiening gemaak, deur die aanstelling van Derw. Nico Steyn, vroeër van Wakkerstroom. Hier is ongeveer 350 manne, die poliesie en speurders bygerken. Van die 350 persone behoort omrent neentig persent aan die Ned. Geref. Kerk en verteenwoordig byna net soveel gemeentes. Die gemeentes Van Rhynsdorp met 72, Namakwaland met 66, en Gariep met 35 verteenwoordigers laat die skaal na die Namakwalanders se kant toe oorslaan. Die ander helfte van die 350 persone kom van oor die hele Unie. Ons ganse volk en baie kerke is dus hier verteenwoordig. Voorwaar 'n verantwoordelike en moeilike arbeidsveld! En tog, op geestelike gebied het ons baie om voor dankbaar te wees. Die dienste word pragtig bygewoon en die mense waardeer wat aan hulle gedoen word. Baie sondes, soos dronkenskap, onsedelikheid, dans en dobbel — dank sy die strengheid van die reëls en regulasies — is dus hier by ons uitgeskakel, en ons kan met ootmoed en dankbaarheid sê, dat die mense, oënskynlik, godsdienstig op 'n gesonde voet staan. Oor die innerlike geestelike lewe is dit moeilik en gewaag om te oordeel maar vervolgens ons Pinksterbidure, ons Katkisasieklass wat 'n sestig tel, en die gemeenskaplike kristelike gees onder die broeders, moet ons God dank vir die gesindheid wat geopenbaar word op die delwery. Veel is daar natuurlik wat kon anders wees en verbeter word. So b.v. sou ons graag sien dat Sondagsontheling deur die speel van tennis en gholf deur sommige van ons vriende vergoed vaarwel sal toegeroep word dat sommige maniere van Kaapstad sal opgegee word, en dat meer orde en stilte sal heers in die kamers en meer respek sal betoon word war broeders besig is met hulle Bybel of met lees in die aand. Maar Rome is nie in een dag gebou nie, langsaam-hand leer ons die motto van „Gee en Neem“ in die lewe en dit sal ook hierin, vertrou ons, beter gaan in die toekoms. Dis vir ons almal hier 'n opoffering om huisgesin, famielie en vriende, die samelewing en baie fasilitete op te gee en hier te bly en te werk, maar onder alles het ons baie stof tot dankbaarheid en voel ons teenoor mekaar as 'n groot klomp broers van 'n groot

familie, die Afrikanervolk. „Op bergen en in dalen, en overal is God,” ook hier op Alexanderbaai is God. Hy helpe ons vir tyd en ewigheid.

XVII — BOODSKAP VAN DS. W. L. STEENKAMP OP DIE GROOT DAG VAN DIE FEESVIERING.

Geliefde Gemeente van Namakwaland! Van harte dank vir liefde en samewerking gedurende die 2 jaar in u midde. U leed was ons leed, u vreugde ons vreugde, en daarom ook van ganser harte geluk met die 80-jarige feesviering van die bestaan van die gemeente. Dit was 80 jare van moeite en verdriet, dog ook van kennelike goedertierenheid en barmhartigheid, en ons het stof om uit te roep: „Loof die Here my siel, en vergeet nie een van Sy weldadigheid nie.”

Die gemeente het 'n baie interessante geskiedenis, en daar staan honderde van monumente, klein en groot. Oral vind ek spore van die verlede. Hier is 'n ou murasie, elders tentvloere of 'n eensame bakoond, elders weer 'n paar letters teen 'n kokerboom of rots, op 'n ander plek weer 'n stapeltjie klippe of 'n eensame graffie. Dit alles sprekk van lyding of oorwinning, trane of vreugde, eensame stryd of jammerklagte, kniewerk of gebedsverhoring. En seker staan dit alles voor Gods aangesig helder en klaar, en hoewel 'n groot deel van die baie interessante geskiedenis van die gemeente sedert die Boscsmans en Hottentotte en eerste Sendelinge nie bekend is nie en nie in die geskiedrolle pryk nie, tog weet ons dat alles by God aangeteken staan.

Laat dit alles ons maar tot 'n inspirasie wees om sterk op Jesus te sien, om voort te gaan van krag tot krag en van oorwinning tot oorwinning.

Weldra sal die 80-jariges van vandag almal agter die ewige gordyne kyk, dog ons vra hulle dat hulle laaste werk kniewerk mag wees. Bid veel vir die wat die stryd nog ingaan en wat met „moeite en verdriet” nog sal moet kamp.

Ons wil by hierdie geleentheid al die ouers toeroep om u huise so in te rig en so te lewe dat die kinders daar 'n voorsmaak kry van die hemel; jongcliede gee tog die Heer die beste van u kragte en u skoon lewe; kindertjies onthou die maklikste tyd om die Heer te vind is voor julle 20ste jaar. Mag die opvoeders van die jeug deur God gebruik word om hulle voor te berei vir die toekoms en vir die Vaderhuis.

Mag hierdie 80-jarige feesviering die eenheid in die gemeente verder bevorder, ons nuwe moed gee om voort te trek en te werk, en mag dit veral wees 'n tyd van sielebekering, opdat daar blydskap in die Hemel mag wees.

Wees dan bly in die Heer, geliefde gemeente, en vertrou op Jesus Christus, en laat uit u hart steeds klink die woorde van die digter: „Zingend als mij 't licht bestraalt, Biddend als de schaduw daalt.”

Efeze 3:16: „Opdat Hij u geve, naar den rijkdom Zijner heerlikheid, met kracht versterkt te worden door Zijnen Geest in den inwendigen mens; opdat Christus door het geloof in uwe harten wone, in gij in de liefde geworteld en gegrond zijt.”

XVIII. — BOODSKAP VAN DS. A. D. LÜCKHOFF.

Advokaat (nou Regter) H. S. van Zyl, wat Namakwaland in 1908 — 1910 in die ou Kaapse Parlement verteenwoordig het, het reeds in 1904 die aandag bepaal by die erbarmlike toestand van die saak van onderwys en opvoeding in Namakwaland met slegs drie skooltjies. Hy het dit gedoen in 'n paar ernstige brieue in *Ons Land*. Van die eerste brief het Prof. Marais in *Het Ger. Maandblad* gesê: „'t Is niet het gispen van een vyand, de kritiek van een vitter: 't is het oordeel van een vriend, die voelt wat hij meedeelt en met gezag spreekt omdat hij weet wat hij zegt.'” Daarby vra die professor: „Wat zal de uitwerking zijn?“ Die eerste uitwerking was dat Ds. Dan Steyn, destyds van Bedford, ses maande lank spesiaal in Namakwaland gearbei het, en 'n verder uitwerking was dat, nadat Mr. van Zyl met Di. Steyn en A. D. Lückhoff in 1904 — '05 Namakwaland spesiaal besoek het om noukeurig ondersoek te doen na die stand van sake op onderwys-gebied, laasgenoemde in 1905 aangestel is as die organiserende sekretaris van onderwys in Namakwaland — 'n betrekking wat hy beklee het tot 1912 en waarin hy hom op sodanige wyse van 'n moeilike taak gekwyf het dat die Sinode van 1909 „hare hooge waardering van het kostelijk werk inzake opvoeding in Namaquoland gedaan door Ds. A. D. Lückhoff, Jr.,“ uitgespreek het. In die tussentyd het daar 'n groot aantal skole tot stand gekom. Dit doen ons leed dat Ds. Lückhoff nie die feesviering kan bywoon nie dog hy stuur die volgende boodskap, wat seker met waardering sal ontvang word en wat as 'n gepaste afsluiting van ons Soewenier dien. Hy skryf:—


„Hoewel ek nie self by die feesviering kan teenwoordig wees nie, sal ek tog in die gees daar wees en sal ek baie aan al die goeie vriende van Namakwaland dink.

Mag dit blye dae wees op Springbok tydens die fees, en mag die gemeente hom verlustig in die sonneskyn van Gods liefde! Mag die fees dien om harte opnuut aan mekaar te bind met bande van verdraagsaamheid, vriendelikheid en liefde—ja, en opnuut te bind ook aan die Heer met bande van geloof, hoop en liefde! Mag die gemeente van die feesviering huiswaarts terugkeer verkwik, gesterk en vol van moed!

„Uw hart zal zich verblijden, en niemand zal uw blijdschap van u wegnemen.” — JOH. 16:22.


ILLUSTRASIES.

I. HISTORIES.



In Kaart van Suid-Afrika waarop die lande van die Namakwas en ander ou nasies gemerk is.

By die Koperberg in Namakwaland.



Kamp van Goewerneur Simon van der Stel in 1685. (Let op die Kokerbome en die twee soorte van waens wat toe in gebruik was).

Baanbrekers in Namakwaland.



*Rev. B. Shaw,
(Wesleyaans).*



*Eerw. J. H. Schmelen,
(Londense Genootskap).*




*Eerw. Kleinschmidt,
(Rhynse Genootskap).*



*Mnr. E. Genis.
(Ned. Ger.).*




Ou Plaas van Hermanus Engelbrecht op Eselsfontein, ongeveer 1790.




Die ou Sendingstasie Kommaggas, gestig 1829.

Reisigers in Namakwaland.



*Rev. Robert Moffat.
(Wat daar ook sending-
werk gedoen het).*



*Rev. J. Campbell.
(Wat die land in belang
van die sending besoek het).*





Dr. H. Lichtenstein.



Ds. P. D. M. Huët.

**Eerste Parlementslede.
(1854).**




*Advokaat (later President)
Jan Brand. (1854 — 1863).*

*Dr. A. J. Tancred,
(1854 — '58), (1862 — '63).*

Later Parlementslede.




*Advokaat (nou Regter) H. S.
van Zyl, (1908 — '10).*



*Mnr. J. P. Mostert.
(1919 — 1929).*

II. PREDIKANTE.

Konsulent-Predikante van Namakwaland.




Ds. E. H. F. de Roubaix.




Ds. H. L. de Villiers.

Twee Predikant-skoonseuns van Namakwaland.



Ds. C. Murray.



Ds. A. D. Lückhoff, Sr.



Ds. en Mev. J. S. Hauman,



Ds. W. J. Conradie.

*As jong predikant met die toga wat die susters
van die gemeente aan hom gegee het.*



Ds. W. S. E. Rörich.



Ds. J. A. R. du Toit.



Dr. W. P. Steinkomp.




Ds. A. G. Driessen.



Ds. en Mev. W. L. Steenkamp en kinders,

III. GEMEENTELIK.

Die Teenswoordige Kerkraad.




Onderste Ry van links: A. Coetzee, D. J. McLachlan, Ds. W. L. Steenkamp, C. P. Badenhorst, C. A. van Niekerk.

Middelste Ry van links: A. van Wyk, A. de Waal, D. J. Basson, P. J. Agenberg, A. E. van Wyk, J. van der Heever, H. A. Kotze, J. van der Heever, P. Brand.

Boonste Ry van links: G. Dixon, J. Dippenaar, A. E. van Wyk, J. Dixon, J. van Niekerk.

Boere-tiepes van Namakwaland.




Wyle Mn̄r. Gert Kotze.



Wyle M̄ev. Miss Coetzee.

Twee Bekendes in Namakwaland.




Mn̄r. P. de V. Malan.




Ouma Roux.

Twee Seuns van Namakwaland.




Wyle Kosie van Wyk.



Ds. J. C. van Niekerk.

Twee Dogter-kerke.



Namies—(Gemeente Pofadder). Kammieskroon—(Vroeër Oes).




IV. ONDERWYS.

Twee Opvoedingsmanne vir Namakwaland.




Ds. A. D. Lückhoff.
Organiserende Sekr. van Onderwys in Nama-
kaland, 1905 — 1912.



Mnr. G. Slabbert.
Inspekteur van Skole.

Die Hoër Skool op Springbok.

Die Staf, Inspektur en Knapste Kinders.



*Die Kinders in die Skool wat nommer een
in hul klasse staan.*


Distriks-Onderwysers.




Mnr. J. Maree.



Mnr. C. P. S. Badenhorst.




Mnr. J. J. P. Smith.




Mnr. G. J. Genis.


DORPE.



Springbok 30 jaar gelede,




*Die ou Kerkie op Springbok,
soos hy lyk toe hy later ver-
ander is in 'n Sinagoge.*




*Die Pastorie, gebou in die tyd
van Dr. Steenkamp.*




Springbok vandag.—Die Kerk duidelik sigbaar aan die regterkant.




Bowesdorp met 'n Nagmaals-gelentheid, ongeveer 1895.



Garies in die tyd van Ds. Conradie, 1886 — 1895.



Kaart van Namakwaland.



KERKSOEWE NIER van NAMAKWALAND.